BLOEMFONTEIN BAPTISTE

*Saam groei ons tree vir tree*

# Krag van die Nuwe Lewe [Deel 2] – Nuut Gebore

## Afskop

**Wat het die afgelope week in jou lewe gebeur wat jy graag met jou groep sal wil deel, of waarvoor jy gebed nodig het?**

-----------------------------------------------------------------------------------------------------

-----------------------------------------------------------------------------------------------------

**Hoe getrou was jy aan die EEN TREE wat jy wou gee die afgelope week?**

-----------------------------------------------------------------------------------------------------

-----------------------------------------------------------------------------------------------------

## Vrae vir Bespreking:

Werk deur al hierdie vrae VOOR julle Kleingroep byeenkoms. Dit help jou voorberei vir julle byeenkoms sodat julle 'n sinvolle bespreking kan hê. Skryf jou antwoorde neer. Julle gaan nie noodwendig al die vrae bespreek nie en ook nie noodwendig dit in die volgorde hanteer nie.

**Die onderwerp van wedergeboorte lok somtyds opinie, watter vrae of stellings het jy al gehoor?**

-----------------------------------------------------------------------------------------------------

-----------------------------------------------------------------------------------------------------

**As mens een persoon se radikale bekering en wedergeboorte vergelyk met 'n 'stadiger' proses by 'n ander, wat staan uit vir jou?**

-----------------------------------------------------------------------------------------------------

-----------------------------------------------------------------------------------------------------

**Ken jy 'n Nikodemus? Vertel van iemand wat opvallend verander/gegroei het in hul geestelike ingesteldheid en durf.**

-----------------------------------------------------------------------------------------------------

-----------------------------------------------------------------------------------------------------

**Wie/Wat in jou lewe bemoedig jou geloof op die oomblik?**

-----------------------------------------------------------------------------------------------------

-----------------------------------------------------------------------------------------------------

**Lees deur die volgende gedeeltes en beantwoord die vrae:**

**Lees Johannes 3:3-7 & Filipense 3:4-9**

- **Jesus sê vir Nikodemus dat selfs sy hoë moraliteit en godsdienstige status nie genoeg is nie. In watter "goeie dinge" in jou eie lewe is jy soms geneig om te vertrou in plaas van op God se genade?**

---

---

**Lees Efesiërs 2:1-5 & Kolossense 2:13**

- **Biologies lewend, maar geestelik dood. Hoe verander hierdie perspektief die manier waarop jy na ongelowiges in jou omgewing kyk?**

---

---

**Lees Johannes 3:8 & Titus 3:5**

- **Wedergeboorte word vergelyk met die wind wat waai waar hy wil. Erken jy dat redding ten volle God se werk is, of voel jy soms dat jy "harder moet probeer" om God se guns te wen?**

---

---

**Lees 1 Korintiërs 2:12-14 & 2 Korintiërs 4:6**

- **Is daar gedeeltes in die Bybel of aspekte van God se karakter wat voorheen vir jou "dof" was, maar wat nou skielik vir jou lewendig en kosbaar geword het? Deel ’n voorbeeld.**

---

**Lees Matteus 10:37-39 & 1 Johannes 2:15-17**

- **Die boodskap noem dat wedergeboorte ons liefdes herrangskik. Watter aardse liefde (loopbaan, familie, gemak) ding tans die meeste mee met jou liefde vir God?**

---

**Lees Galasiërs 5:16-17 & Romeine 7:21-25**

- **In praktyk begin die oorlog eers wanneer jy wedergebore word. Waar ervaar jy tans die sterkste konflik tussen jou "ou natuur" en die "nuwe lewe" in jou?**

---

**Lees 2 Korintiërs 5:17 & Johannes 19:38-42**

- **Nikodemus het van "nag-dissipel" na "vrymoedige volgeling" gegroei. Watter sigbare veranderinge in jou optrede of prioriteite kan ander mense sien sedert jy die Here begin volg het?**

---

**Lees 1 Petrus 2:2-3 & Hebreërs 5:12-14**

- **As wedergeboorte net die begin is, in watter area van jou geestelike lewe voel jy nog soos 'n "baba" wat veral melk en sorg nodig het?**

---

## Gebed en Omgee

*Sluit julle tyd af deur gebedsversoeke met mekaar te deel. Indien iemand in die groep kan uithelp met die behoefte of uitdaging is dit goed. Bid saam vir mekaar en vir mekaar se behoeftes waaraan die groep nie verandering kan bring nie.*

**Jy is welkom om van julle groep se gebedsversoeke neer te skryf sodat jy verder deur die week daaroor kan bid:**

------------------------------------------------------------------------------------------------

------------------------------------------------------------------------------------------------

------------------------------------------------------------------------------------------------

## Neem 'n Volgende Stap

*Hierdie gedeelte is vir na julle groepsbyeenkoms sodat jy in jou eie hart kan vasmaak en gehoorsaam kan wees aan wat die Heilige Gees vir jou in julle bespreking openbaar het. Sit 'n tydjie na julle groepstyd uit sodat jy kan nadink oor julle bespreking en tyd saam.*

**As jy terugdink oor julle groepstyd en julle bespreking, wat het vir jou uitgestaan? Wat verstaan jy beter? Wat kan jy met iemand deel? Waaroor moet jy nog bietjie nadink? Wat ervaar jy druk die Heilige Gees op jou hart om in hierdie week te doen? Neem 'n oomblik en dink na oor julle byeenkoms en skryf iets neer wat jy wil vasmaak in jou eie hart.**

------------------------------------------------------------------------------------------------

------------------------------------------------------------------------------------------------

------------------------------------------------------------------------------------------------

------------------------------------------------------------------------------------------------

------------------------------------------------------------------------------------------------

------------------------------------------------------------------------------------------------

------------------------------------------------------------------------------------------------

------------------------------------------------------------------------------------------------